

DIE ENIGSTE UITWEG

deur Tony Alamo

Die saad, wat GOD vir Abraham gesê het, al die nasies sal seën, is 'n saad met ewigdurende lewe (Genesis 12:3). Alle saad het tydelike of wêreldlike lewe in hulle, maar slegs een saad bevat ewigdurende lewe. Daardie "saad is die WOORD van GOD", wat JESUS is (Lukas 8:11).¹ JESUS is die enigste saad

en ook die saaiër van die saad, die WOORD van GOD (Lukas 8:5-15). Ons wat GOD se tempel en CHRISTUS se Liggaam, SY Bruid is, het JESUS met die VADER deur die GEES wat in ons woon. Ons het dus deur die GEES, saaiers van die saad van ewigdurende lewe geword, wat weereens CHRISTUS, die WOORD is (Johannes 4:36).²

Ons is ook diegene wat uit-die-wêreld-uit-geroep is, die kerk.³ Weereens, die saad, JESUS, is die WOORD van GOD. Ons, die heiliges, diegene wat uit-die-wêreld-uit-geroep is, die kerk – alles is die lewe, die ewige lewe, wat die saad met onverganklikheid en, weereens, die WOORD van GOD is – GOD wat vlees geword het en tussen ons



Tony Alamo, links, in 1970 met nuwe bekeerlinge wat gedoop gaan word

woon. EMMANUEL, wat GOD met ons beteken (Mattheus 1:23).

Party dom idiote sê: "Wel, ek weet ek lees nie die Bybel so baie soos wat ek moet nie." Hulle is aan die dink dat hierdie simpel woorde wat hulle sê 'n vorm van nederigheid en 'n beskeie, eerlike skuldbe-lydenis is en dat hulle uit die verknorsing sal kom deur hierdie trae dinge te sê. Hulle maak egter net hulself vir ewig seer. Want "geloof spruit voort uit gehoor en gehoor deur die WOORD van GOD," wat weereens die saad is, die enigste ding wat ewigdurende lewe bevat (Romeine 10:17). Die WOORD is GOD (Johannes 1:1). GOD is ewig, as GOD dus in jou woon op grond van die WOORD, sal jy nooit sterf

indien jy tot die einde toe onwankelbaar bly nie.⁴

Alles wat ons op aarde sien is opgewek deur GOD se WOORD uit die aarde, sodat ons dit duidelik kan sien. Veral diegene van ons wat GOD ken of hom HOM ooit geken het.

"Want die toorn van GOD word van die Hemel af geopenbaar teenoor al die goddeloosheid en

ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk; omdat die kenbare dinge van GOD in hulle openbaar is, want GOD het dit aan hulle openbaar. SY onsigbare dinge kan mos van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, selfs SY ewige krag en GOD-DELIKHEID. Hulle het dus geen verontskuldiging nie; omdat hulle, alhoewel hulle GOD geken het [voormalige Christene], HOM nie as GOD verheerlik of gedank het nie. Hulle het egter in hul oorlegginge dwaas geword en hul onverstandige hart is verduister. Deur voor te gee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword en die heerlikheid van die

(Vervolg op bladsy 2)

¹ Matt. 4:3-4, Joh. 1:1, 14, 1 Joh. 1:1-3, 5:11, Op. 19:13 ² Mar. 16:15-16, 1 Kor. 1:21-24, 6:19, 2 Kor. 5:17-21 ³ Joh. 15:16, 19, 17:6, 14-16, 2 Kor. 6:14-18, 1 Pet. 2:9 ⁴ Matt. 4:4, 10:22, 24:13, Joh. 5:24, 6:63, 11:26, Hand. 14:22, Rom. 11:22, Kol. 1:22-23, 1 Tim. 4:16, 2 Tim. 2:1-3, 3:13-17, 4:5, Jak. 5:10-11, 1 Joh. 2:24-25

DIE ENIGSTE UITWEG

(Vervolg vanaf bladsy 1)

onverganklike GOD verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige wilde diere en kruipende dinge.

“Daarom het GOD hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer – hulle wat die waarheid van GOD verander het in die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper, wat tot in ewigheid geseënd is. Amen. Daarom het GOD hulle oorgegee aan skandelijke hartstogte, want selfs hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is en net so het die manne ook die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar gebrand: manne het met manne skandelijke dade gepleeg en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang [regmatig].

“En selfs al het hulle dit nie die moeite werd geag om GOD in erkenntenis te hou nie, het GOD hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid,

om te doen wat nie betaamlik is nie: hulle is vervul met allerhande onge-regtigheid, hoerery, boosheid, heb-sug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid; nuusdraers, kwaadsprekers, haters van GOD, geweldenaars, trotsaards, grootpratens, uitvinders van bese-dinge, ongehoorsaam aan ouers; on-verstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig; mense wat – al ken hulle die verordening van GOD goed [omdat hulle eens op 'n tyd gered was], dat dié wat sulke dinge doen, die dood verdien – dié dinge nie net self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen.” (Romeine 1:18-32).⁵

Die wêreld word nou omgedraai na dieselfde soort wêreld as wat dit in Noag se dae was (Genesis 6:5-7, Mattheus 24:37-44). Die gedagtes van vandag se mense het die waarheid van GOD in 'n leuen verander (Romeine 1:21-25).⁶ Die waarheid oor GOD is dat HY die enigste saad is met ewigdurende lewe in HOM. Hulle sê nou, net soos hulle in Noag se tyd gesê het, dat hierdie waarheid dat GOD die enigste saad van ewigdurende lewe is, 'n leuen is. Hulle leer ons kinders hierdie afskuwelike, bederfbare, baie beledigende verdraaiing

in alle openbare skole. Dit is nie vir hulle genoeg om met mekaar te trou nie. Hulle wil ons kinders leer dat die waarheid oor GOD 'n leuen is. Hulle het demone (homoseksuele demone) in hulle aanvaar, sterk demone wat veroorsaak dat hulle dinge aanbid wat vleeslik is en dus dien hulle die skepsel bo die Skepper (Romeine 1:25). Daarom het GOD hulle laat gaan. HY het hulle afgestaan aan afskuwelike toegeneenthede, hulle eie afskuwelike toegeneenthede waarvoor hulle so lief is. GOD sien hoe hulle HOM en SY ewige lewe verwerp en venynig met HOM baklei en daarom wil GOD nie enigiets verder met hulle te doen hê nie. GOD het geen hoop vir hulle nie en laat hulle die ding kry wat hulle wil

Nigerië

Liewe Pastoor Tony

Wees gegroet in Jesus se naam. Ek wil graag vir jou vertel dat ek reeds 'n dienskneg van God geword het deur jou evangelieliteratuur wat ek gelees het en jou radioprogram op Radio Africa. Dankie vir die manier waarop jy die Woord van God vir ons hier uitsaai. Ek is 'n nuwe bekeerde en ek sal graag wil hê jy moet vir my een volledige Bybel en nuusbriewe met *The Messiah*-boek stuur. Ek was verlore en is weer gevind.

Mag die Here jou bediening ryklik seën. Hoop om spoedig van jou te hoor.

Baie groete

Mone Akinwa en gesin

Sunshine-deelstaat, Nigerië



Pastor P.V. Ratnam
versprei Pastoor
Alamo se literatuur
in die dorpie van
Andhra Pradesh,
Indië



⁵ Gen. 19:1-13, 24-25, Lev. 18:22, 20:13, Deut. 22:5, 23:17-18, Rig. 19:22-28, 1 Kon. 14:24, 15:11-12, 2 Kon. 22:1-2, 23:7, Eseg. 16:49-50, Rom. 1:18-32, 1 Kor. 6:9-10, 1 Tim. 1:9-10, 2 Tim. 3:1-5, Jud. 7, Op. 22:14-15 ⁶ 1 Tim. 4:1-3, 2 Tim. 4:3-4, 2 Pet. 2:1-3



ALAMO BEDIENINGS AANLYN
www.alamoministries.com

hê, wat afskuwelike toegeneenthede is! HY laat hulle doen wat hulle gekies het om te doen – vroue met vroue, mans met mans, lesbianisme en homoseksualiteit.

Die saad van GOD, die ewige lewende saad van GOD, sal egter nie in 'n siel leef wat afskuwelik is nie, aangesien dit die waarheid oor GOD in 'n leuen verander! Hierdie homoseksuele demoon is sterk, maar JESUS, die saad met ewigdurende lewe in HOM, is baie sterker.⁷ GOD sê ons aan om die duiwel te weerstaan

en hy sal van ons wegvlug (Jakobus 4:7).⁸ Die wêreldregering sê egter as ons homoseksualiteit weerstaan, pleeg ons 'n haatmisdaad.

Voordat JESUS opgevaar het Hemel toe het HY die dood, die Hel, die graf, Satan en alle afskuwelike demone oorwin, maar enigemand wat die ewige lewe verwerp, sal vir hulle korrupte besluite vergoed word.⁹ Hulle sal in hulleself die regverdige vergelding wat die Hel en die Poel van Vuur is, pyniging vir ewig, ontvang. Hulle doen

7 Deut. 4:39, 32:39, 1 Sam. 2:6-8, 1 Kron. 29:11-12, 2 Kron. 20:6, Ps. 46:1, Jes. 44:6, 45:23, Jer. 10:10, 18:6, Dan. 4:35-37, Joh. 10:29, Hand. 17:24-26, Op. 1:12-18 8 Matt. 4:1-11, Rom. 12:9, Ef. 4:27, 5:3-17, 1 Tes. 5:21-22 9 1 Kron. 28:9, Job 4:7-9, 21:14-20, Spr. 1:22-32, 8:36, 10:25, Jes. 1:15-20, Dan. 12:2-3, Luk. 12:4-9, Joh. 3:16-21, 36, Rom. 1:18, 1 Kor. 6:9-10, Jud. 14-15, Op. 20:11-15, 21:8, 27

Kongo

(Vertaal uit Frans)

Wêreldpastoor Tony Alamo

Vrede in Christus! Ek is Pastoor Andre Hilarion, een van die grootste lesers van jou Nuusbriewe. Ek het eintlik in 2006 jou publikasies ontdek en hulle het my bediening heeltemal verander. Want, die Heilige Gees het my oë oopgemaak toe ek hulle gelees het. Daarom gebruik ons nou by die kerk, waar ek die pastoor is, die literatuur “Die Pous se Geheime” as 'n instrument om in openbare plekke te getuig en die Here doen nou groot dinge. Elke week ontvang ons nuwe siele wat deur die Heilige Gees aangeraak is nadat hulle dit gelees en aanvaar het, deur hulle harte vir Jesus te gee en hulle nuwe lewens te begin.

Dus, waarvoor ons vra is dat jy asseblief vir ons meer pos op 'n gereelde grondslag sal stuur met artikels in Frans sodat ons 'n verspreidingsentrum vir Pastoor Tony Alamo se literatuur kan begin.

Anders, Pastoor Tony Alamo, jou God is ons God. Jou sending het ook ons sending geword. En jou stryd is ook ons stryd. By voorbaat dankie en ons bid tot die Almagtige God dat jy meer en meer 'n kanaal kan wees as 'n seëning vir ons en vir die mense van elke nasie.

Andre Hilarion

Kimpese, Demokratiese Republiek van die Kongo

Missouri

Liewe Pastoor Tony Alamo

Ek is so dankbaar vir jou bediening en die openbaring van waarhede wat God vir jou gegee het. Jy het waarlik my oë oopgemaak en my geloof in God versterk deur Satan se bedrog, die wêreldregering, sy werksaamhede teen ons, die Bruid en almal wat deur hom in hierdie verlore wêreld gebruik word, aan my te openbaar.

Stuur asseblief vir my al die materiaal wat jy kan bied. Ek wil dit ALLES hê. Baie dankie en mag die Lewende God jou en jou bediening ryklik seën in Sy genade en mag!

Sit asseblief my naam op jou gebedslys.

In Christus

Terry Birmingham

Cameron, Missouri

dit aan hulself net soos in die dae van Noag (Lukas 17:26-30).

Dit het mode geword om Satan te volg, Satan wat die hele aarde verlei het (Openbaring 12:9).¹⁰

Wat die media en die regering doen is om GOD se WOORD 'n haatmisdaad te maak, maar dit is die enigste lewe en ontsnappemeganisme van die ewigheid van doodsangs en foltering in die Hel en die Poel van Vuur. JESUS en SY mense is die enigstes wat vir jou siel omgee. Moenie dat die gees van Satan jou anders oortuig nie. Jy is nie so gebore nie. Die demoon het jou dalk ingeneem toe jy baie jonk was, maar JESUS dryf demone uit mense uit.¹¹ HY is LEWE en lewe in meer oorvloed.¹² “EK het

(Vervolg op bladsy 4)

10 Matt. 24:11-12, 24, 1 Tim. 4:1-2, 2 Tim. 3:13, 2 Pet. 2:1-3, Op. 13:1-4, 11-15, 14:8, 17:8, 18:2-3, 23 11 Matt. 8:16-17, 28-34, 9:32-33, 10:1, Mar. 1:34, 39, 7:25-30, 9:17-27, 16:9, Luk. 11:14 12 Joh. 11:25-26, 14:6

Indië

Liewe Pastoor Tony

Ek het tien dae gelede na my pa se dorpie genaamd Sandipudi gegaan om na ons ou huis te gaan kyk. En daar was 'n gelowige wat baie siek was en op haar sterfbed gelê het. Die mense het gedink sy is dood, maar ek het haar besoek en vir haar gebid. God het die gebede gehoor en haar heeltemal gesond gemaak. Deur hierdie daad het die hele straat my baie gerespekteer, maar ek het vertrou en vir hulle gesê: “Dit is nie ek nie, maar Jesus Christus wat dit gedoen het. Kom ons gee roem en eer aan Hom.”

Ekglo dat jou waardevolle gebede my in Sy bediening help. Laat ons Hom eer deur daad en woorde.

Dankie aan almal. Bid asseblief nog vir my en ons bediening.

In Sy liefde

Jou Broer

Rajesh Tatapudi

Andhra Pradesh, Indië

DIE ENIGSTE UITWEG

(Vervolg vanaf bladsy 3)

gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê” (Johannes 10:10).

As ek vir jou wys hoe om die ewige verdoemenis vry te spring, kon jy glo dat dit ’n haatmisdaad is. Die lewe hier is kort, maar die ewigheid is lank.¹³ Dit eindig nooit nie. Mense se siele sal vir ewig in die Hemel of in die Hel leef.¹⁴ Ons almal is mense. Ons almal is die reg gegee om die lewe of die dood, goed of sleg, GOD of Satan te kies.¹⁵ Wanneer die GEES van GOD in jou woon en jy HOM aanneem deur HOM, SY WOORD, daagliks te ontvang, sal jy in staat wees om SY lewenskrag lewend met SY mag in jou te hê totdat jy doodgaan. Alle ywer moet egter hieraan gegee word. Satan speel nie met jou nie! Hy wil jou saam met hom in die Hel en Poel van Vuur hê.

13 2 Sam. 14:14, 1 Kron. 29:15, Job 7:6-10, 8:9, 9:25-26, 14:1-2, Ps. 22:29, 39:4-6, 11, 78:39, 89:47-48, 90:5-6, 9-10, 102:11, 103:14-16, 144:3-4, 146:4, Pred. 1:4, 3:19-21, 6:12, 12:7, Jes. 2:22, 40:6-8, 24, 51:12, Jak. 1:10-11, 4:14, 1 Pet. 1:24 14 Jes. 66:24, Dan. 12:1-3, Matt. 25:31-46, Mar. 9:42-48, Joh. 5:26-29, Rom. 2:1-16, Op. 14:9-11 15 Deut. 30:14-20, Jos. 24:14-15, Eseg. 18:19-32, 33:11, Joël 3:14, Matt. 16:24-27

Kenia

Hallo Pastoor Tony Alamo

Ek staan nederig voor jou besorgdheid. Ek is soveel geseën deur jou nuusbrief, “Ek het Jesus op Tony se Webwerf gevind.” Ek het die artikel gelees en die gebed gesê om vergifnis in die nuusbrief. Ek het my sondes opreg bely, ek is in werklikheid tot trane gedryf in berou oor al die tyd wat ek gemors het in die wêreld om God te laster! Ek het gevoel hoe die las van sonde my verlaat. Ek het voorwaar lig en vry gevoel. O, regtig, ek het so baie vreugde gemis, die vreugde dat jou sondes vergewe is, die vreugde om in Christus te leef. Ek dank die HERE dat my siel gered is en ek bid dat die HEILIGE GEES my op hierdie geestelike pad sal lei. Lei my asseblief op my reis om die duiwel en sy leuens te beskaam. Ek is weereens dankbaar vir jou bedieninge omdat hulle tot dusver in alles voorsien het sover dit my geloof betref. Mag God jou en jou bedieninge ryklik seën.

Sarah Terry

Bungoma, Kenia

GOD maak ook nie grappies nie. HY het vir ons aan die kruis op Gologota gesterf, daarna opgestaan uit die dood en opgevaar na die Hemel om aan ons te bewys dat HY GOD is en die mag het om ons te red en ons op die laaste dag op te wek.¹⁶

Liefde is nie seks nie. Liefde is om GOD se gebooie te gehoorsaam (1 Johannes 5:3).¹⁷ As jy wil, sal jy leef.

JESUS het gesê dat ’n persoon wat sê hy ken MY (het MY lief) en nie MY gebooie onderhou nie, is ’n leuenaar en in hom is die waarheid nie (1 Johannes 2:4). “En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om GOD in erkenenis te hou nie, het GOD hulle oorgegee aan [hulle] ’n goddelose gesindheid” (en hulle verwerp-

(Vervolg op bladsy 8)

16 Mar. hfst. 16, Joh. 11:25-26, Hand. 2:29-33, 4:10-12, 1 Kor. 15:3-22, 1 Pet. 1:3-5 17 Eks. 20:6, Deut. 7:9, 11:1, 13-15, 30:16, Jos. 22:5, Joh. 14:15, 21, 15:10, 2 Joh. 6

Arkansas

Liewe Pastoor Tony

Ek was vandag by ’n vriend wat ’n wedergebore Christen is. Hy was by ’n begrafnis. Die man wat dood is was ’n predikant en daar was baie mense by sy begrafnis. Sy getuienis net voor sy dood was dat waar hy ook al gaan, hy vir mense sou sê, of dit nou in Walmart of in ’n apteek of net op die straat was, “Ken jy Jesus Christus as jou persoonlike Verlosser? Is jou sake met God in orde?” Hy het dit gedoen oral waar hy gaan, totdat mense begin wonder het waarom hy dit doen.

Wel, by die begrafnis het sy dogter opgestaan en gesê: “Ek wil vir julle almal ’n storie oor my pa vertel. Toe ek jonk was, omtrent 13 jaar oud, het ek dikwels saam met hom gegaan en oral waar hy gegaan het, het hy gestop en iemand gevra of hulle sake met Jesus in orde was, of hy sou sê: ‘Ken jy Jesus Christus as jou persoonlike Verlosser?’ Daar was tye dat ek gevoel het hy oordoen dit. Hy het dit vir almal gevra en dit het so voortgegaan.

“Een dag het ons in die kar geklim en ek het gesê: ‘Pa, waarom vra jy vir almal oor Jesus?’ My pa het gesê: ‘Dogter, ek gaan vir jou ’n storie vertel. Toe ek 17 jaar oud was, het ek in ’n droom ’n visioen gekry en in die visioen het ek gesterf en ek het Hemel toe gegaan. Dit was die mooiste plek. En toe neem hulle my na die kant van die Hemel toe en ek kyk af in die Hel. Ek kon hierdie duisende hande sien wat uitgestrek om hulp roep. “Waarom het jy ons nie vertel nie! Waarom het jy ons nie vertel nie!” En hulle was mense wat ek geken het. Die droom was klaar en ek was terug hier op aarde en dit is waarom ek vir almal vertel.”

My vriend het gesê dat dit hom baie aan ons laat dink het, met Pastoor Alamo se literatuur, want oral waar ons gaan, versprei ons literatuur. Hy het gesê Pastoor Tony waarsku die mense al vir jare lank.

Prys die Here

Broer Tommy

Van ons Vertalingsdepartement

Ons werk aan Ilacono-vertalings (die taal wat in Noord-Filippyne gepraat word) en een van die vertalers is 'n jong man wat grootgeword het in die Pinkstergeloof, by 'n teologiese kweekskool gegradeer het en by 'n Bybelskool vir kinders skoolhou. Hulle kerk het 50 ander kerke regdeur Noord-Filippyne, elkeen met sy eie pastoor. Hy werk tans met die Amerikaanse Bybelgenootskap en vertaal Bybelgidse vir elke boek van die Bybel.

Hy het vir ons gesê dat hy gesien het dat die kopieregte op “Die Pous se Geheime,” “Voorvluggende Pous,” “Jesus het gesê dat Satan 'n Kerk en 'n Regering sal hê” en “Die Koningin van Hoere” gedateer is in die 80's en 90's. Hy het gesê dit is wonderlik dat Pastoor Alamo hierdie feite so lank gelede geskryf het en in 'n tyd wat niemand kon sien dat dit waar is nie, maar nou kan jy dit so maklik sien. Pastoor Alamo het hierdie dinge geweet voor enigiemand en hy het dit gepubliseer om almal te waarsku.

Hy het gesê die Filippyne is so Katoliek dat jy nie met enige van hulle oor die Here kan praat nie, maar nadat hy die briewe

gelees het van mense wat vra dat literatuur versprei word en van mense wat getuienis lewer, het hy 'n honderd van elke stuk literatuur aangevra en gehelp om dit te vertaal sodat hy dit kan versprei. Hy het ook 'n klomp *The Messiah*-boeke bestel. Hy het gesê: “Ek vertaal vir die Bybelgenootskap, maar hierdie is sielsoorwinnend.” Hy het gesê hy is so trots om deel te wees hiervan en hy gebruik die literatuur in sy klasse. Hy het gesê: “Ek was by die kweekskool en ek het dit in my, maar hierdie literatuur is werklik en dit is ernstig. Ek kan die erns sien van wat hier in my eie lewe aangaan. Ek sien hierdie literatuur is wat nou dadelik gebeur.”

Die Swahili-vertaler is 'n ma van drie wie se man 'n pastoor is. Sy het gesê sy moet eerlik wees, toe sy met die verskillende stukke literatuur oor die pous gewerk het, het sy gedink party van die aantygings teen die pous en die Katolieke Kerk is vergesog en oordrewe. Sy het gesê sy weet Katolisisme is 'n valse leerstelling, so die waarheid van die boodskappe het nie saak gemaak nie, solank dit mense daarvandaan wegstuur. Steeds, sy het dit egter nie regtig geglo nie.

Sy het gesê haar man het een aand die literatuur gelees en gevra: “Waarom het jy dit in elk geval bestel?” Sy het vir hom gesê: “Sodat ek dit vir mense kan uitgee wanneer ek die kinders park toe vat.” Hy het onmiddellik gesê: “Beslis nie! Jy gaan dit hou! Jy kan dit nie net weggee nie. Dit is die waarheid! Ons moet dit bestudeer.” Hy het gesê: “Ek het Bybelskool toe gegaan en hierdie dinge is onderrig en aangeteken en alles wat hier geskryf is, is waar.”

Sy het gesê sy het na hom gekyk en in haar hart gesê: “Jy was jare gelede by die Bybelskool en jy het geweet hierdie dinge is waar. Waarom het jy of die Bybelskool nie die wêreld gewaarsku nie? Nie jy of enigiemand anders het iets daarvoor gedoen nie. Hierdie man (Pastoor Alamo) is deur God geroep om te praat want nie jy of enigiemand anders het of wil nie.” Sy het gesê: “Ek glo dit nou en ek is vies vir daardie mense wat nie die waarheid verkondig het nie, maar dit stilgehou het.”

Die Sweedse vertaler is Protestants grootgemaak, maar het vir baie jare hoege-naamd niks met die kerk, godsdiens, of God te make gehad nie. Hy is 'n politieke aktivis en voer 'n stryd teen verskillende onregmatige dade in die regering. Hy skryf politieke blogs en hou konferensies en doen vertalings van literatuur as bysaak. Hy is baie seker van sy oortuigings, maar toe hy 'n uittreksel van *The Messiah*-boek gelees het, het hy begin huil toe hy lees: “Die skare het uitgeroep: ‘Kruisig Hom, Kruisig Hom.’”

Hy het vir ons gesê: “Ek het die verskillende samesweringsteorieë bestudeer, maar ek het nooit gesien enigiemand verbind dit alles só met die Vatikan nie. Dit is ongelooflik. Ek hou regtig daarvan om dit te doen. Julle almal is besig om my te beïnvloed. Ek was besig om my blog te skryf en kom toe agter ek haal Openbaring aan.”

Die Serwiese vertaler, met 'n graad in Geskiedenis, het gesê dit is baie opwindend om deel te wees hiervan. Hy het gesê Serwië se geskiedenis is besaai met geloofsvervolging en moord en Pastoor Alamo ly onder hierdie geloofsvervolging en verkondig nog steeds. Hy het gesê dit is opwindend.

Nigerië

Liewe Alamo Bedieninge

Groete aan julle in die naam van ons geluksalige Here en Verlosser Jesus Christus. Die Tony Alamo Christelike Bedieninge se wêreldnuusbrief verander die lewens van Igodan Lisa Town in Nigerië geweldig. Die salwing op hierdie nuusbrief is so fantasties. Dit het my geestelike lewe gehelp deur my na 'n nuwe vlak van begrip in die dinge van God te verhef. Dit was jou verspreider wat vir my jou nuusbrief genaamd “Aardbewing” gegee het. Ek het ook die geleentheid gebruik om dit vir ander mense te gee en diegene vir wie ek ook al die nuusbrief gegee het, het Jesus as hul persoonlike Here ontvang. Lof en eer aan God.

Ek vra asseblief dat julle vir ons meer daarvan stuur, sodat dit ons kan help om siele te wen. Mag God julle werk seën. Dankie.

Groete in Christus

Jasaau Imamu

Ondo-deelstaat, Nigerië

New York

Liewe Pastoor Tony Alamo

Ek het jou nuusbrief in die ondergrondse stasie in New York Stad gekry en dit het na my toe gekom in 'n tyd wat ek dit die nodigste gehad het. Die inligting in jou literatuur is baie belangrik.

Ek vra ook vir jou boek, *The Messiah*, 100 nuusbriewe asook boodskappe op CD.

Dankie

Eric F.

Rhinebeck, NY

Genesingsgetuienis

(Vertaal uit Portugees)

27 Oktober 2014

My naam is Pastoor Isaque Roberto. Ek is van Londrina in die Paraná-deelstaat, Brasilië, en ek wil graag iets deel deur hierdie epos. Ek is al vir 15 jaar h pastoor in Londrina. Drie jaar gelede is my familie verwond deur h tragiese, maar wonderlike gebeurtenis.

Op 24 Julie 2011 was ons dogter Beatriz Gabriela (op sewejarige ouderdom) in h ernstige motorongeluk. Sy is deur h taxibestuurder raakgery toe sy oor die voetoorgang geloop het. Die impak was so erg dat, volgens die ondersoekspan, sy ongeveer 6.4 meter ver gegooi is. Ek het na haar toe gehardloop, sy het nie asemgehaal nie, en ek onthou hoe ek geskree het: "Iemand bel om hulp!"

Toe ek weer in haar rigting kyk, het ek h motorfietswiel gesien en h stem gehoor wat sê: "Ek sal help. Ek is h brandweerman." Op daardie oomblik het God daardie eerste reageerder daar geplaas. Hy het Beatriz op haar rug gedraai en mond-tot-mond-asemhaling toegepas en sy het bloed gehoes. Hulp het opgedaag en terwyl hulle haar in die ambulans help het ek begin bid. Die duiwel het my gekonfronteer en my in my gedagtes die beeld van h seun gewys wat ek geken het en wat deur h kar raakgery is. Hy het sy vermoë om te praat en sy koördinasie verloor. Nou stoort sy familie hom in h rolstoel rond. Op daardie oomblik het die duiwel sy beeld na my gebring en gesê: "Dit is hoe jou dogter gaan wees."

Sy is hospitaal toe geneem en met die volgende diagnose opgeneem: gebreekte linkerbeen, gebreekte linker

bo-arm, gebreekte regter- en linker-sleutelbeen, geskeurde milt, h long-aandoening en vlak 3 koptrauma (vlak 4 is die dood).



Toe ons by die intensiewesorgeenheid aankom, was ons dogter aan verskeie toestelle gekoppel, besig om deur h masjien asem te haal en in h koma. Drie dae ná die ongeluk, op 27 Julie, het die neurochirurg wat haar behandel

het, ons geroep en gesê: "Ek het nie goeie nuus nie. Haar toestand het verswak. Beatriz reageer nie op die medikasie nie en het h skedel hipertensie ontwikkel. Die brein is besig om te swel. As gevolg daarvan sirkuleer die bloed nie deur die brein nie en binne die volgende paar uur sal Beatriz breindood wees." Die dokter het gesê: "Ek het een laaste alternatief en dit is om te opereer en h stukkie van die skedel aan beide kante te verwyder om die drukking op Beatriz se brein te verlig sodat dit ruimte het om uit te sit. Daar is egter geen waarborg dat haar toestand sal verander of dat sy die operasie sal oorleef nie."

Ons het toestemming gegee vir die operasie want ons het geweet dat God die laaste sê het. Terwyl hulle

alles in gereedheid kry, het hulle gesê ons moet by Beatriz bly sodat ons totsiens kon sê. My vrou het begin bid terwyl ek die ander voorbidders gebel en die situasie verduidelik het. Terwyl my vrou oor Beatriz leun en bid het h persoon na haar toe gekom en gesê: "Ma, ek raai jou aan om tot God te bid en te vra dat Hy haar kom haal, want as sy oorleef, gaan sy net in h bed lê en vergaan." h Paar ure later, sonder dat ek bewus was van wat gebeur, het ek h boodskap op my selfoon gekry van h skoonsus waarin sy sê dat sy die middag terwyl sy gebid het h visioen gekry het. Sy het h bese gees na my vrou toe sien kom wat presies daardie woorde gesê het.

Die operasie het amper vyf ure geduur. Toe hulle Beatriz na die intensiewesorgeenheid bring, was haar hele kop toegedraai en haar gesig mismaak. Nou kon ek net wag. Ons het tot God gebid om haar gesond te maak, maar die slegte nuus het bly kom – longontsteking, h hospitaalinfeksie.

Een dag voor Beatriz se verjaarsdag (8 Augustus) het die dokter gesê hy gaan haar van die sedeermiddels afhaal om te kyk of sy dalk uit die koma kom. Ek het gevra: "Hoe lank dink jy sal dit vir haar neem om wakker te word?" "Ek kan nie verseker sê nie," het hy gesê. "Sy kan vandag, môre, volgende week, volgende maand, volgende jaar wakker word, maar sy kan ook dalk nooit wakker word nie," het hy afgesluit.

h Paar dae later is die kunsmatige asemhalingsapparaat verwyder. Ons het feesgevier, want sy het begin wakker word. Gedurende die aand het Beatriz egter vloestof op haar lange gekry en haar asemhaling het verswak. Toe



ons by die hospitaal aankom, het ons gesiensyhaalmoeilikasem. Diemediese span het alles in hulle vermoë gedoen om haar te laat beter voel. Ons het gaan middagete eet en toe ons terugkom en wou ingaan, is ons voorgekeer. Ek het deur die deur gekyk en byna die hele mediese span het om haar bed gestaan en huil. Ons moes h hele paar minute wag en toe ons toegelaat is om in te gaan, het ons gesien dat Beatriz weereens die asemhalingsbuis in het. Een van die dokters het gesê: "Ons sal dalk h trageotomie moet doen en Beatriz sal haar suurstof deur h buis moet inasem. Sy sal nie langer op haar eie kan asemhaal nie." Nóg slegte nuus – en nóg h rede om te bid. h Paar dae later het Beatriz uit haar koma wakker geword en is sy na die algemene saal verskuif.

Ons het aangehou om tot God te roep en die hele tyd gevas. Toe Beatriz na die algemene saal verskuif is, het ons die kamer in h gebedsentrum verander, 24 uur per dag. Ons het aanbiddingsliedere gespeel. Ons het elke uur gebid. Die mense sou inloop en Beatriz in haar bed sien lê met haar been in gips, gekoppel aan die asemhalings- en voedingsmasjiene en hulle sou sê: "Hoe kan daar soveel vrede in hierdie plek wees?" Altesaam was Beatriz 53 dae in die hospitaal.

Toe Beatriz ontslaan is, het sy huis toe gekom sonder dat sy regtig enige tekens van herstel getoon het. Ons het h hospitaalbed, h stortstoel en h rolstoel by die huis gehad. My vrou het met h fisioterapeut gepraat en sy het gevra: "Dokter, hoe lank dink jy sal dit wees voordat Beatriz weer sal kan loop?" Die dokter het geantwoord: "Ek werk al jare in hierdie veld en ek het nog nooit enige mediese literatuur gelees of enige storie gehoor van iemand wat h ongeluk soos Beatriz sh oorleef het nie. Miskien sal sy eendag met krukke of h loopraam kan loop, maar om weer normaal te kan loop – volgens my – nooit weer nie." Ons was egter in ons gees oor-

tuig daarvan dat sy nie so sal bly nie. Ons het onversteurd voortgegaan om die Here voortdurend te bly soek, soms in geloof, soms huilend, maar altyd met vertroue. Eendag het ons haar na h gemeenskapskliniek geneem, want ons het h verwysing nodig gehad. Ek het vir die dokter gesê dit is dringend. Die dokter het gevra om Beatriz te sien en toe ek met haar in my arms in die spreekkamer inloop, het die dokter gevra: "Meneer, waarom is jy so haastig? Wat kan met betrekking tot hierdie kind se toestand verander?"

Beatrizmoesh operasie ondergaan om h prostese in te plant, waar die been uit haar skedel verwyder is. Ons het h geskatte bedrag van (Brasiliaanse Reaal) 147,500.00 (byna \$60,000.00 USD) gekry. Ons het nie die geld gehad nie en dus het ons nóg h rede gehad om te bid. Ons het leiding gekry van God deur h vriend en h veldtog begin om die geld in te samel. Op h Donderdag het ek h oproep ontvang. Dit was h vrou wat vrae oor Beatriz begin vra het. Sy het gevra hoeveel geld ons nog benodig en ek het gesê (BRL) \$57,000.00 (\$23,000.00 USD). Sy het gesê dat sy sal kyk of sy iets vir ons kan doen. Die volgende Maandag, toe ek bank toe is om die saldo te onttrek, het ek uitgevind dat daardie persoon die bedrag wat ons benodig het, inbetaal het. Binne 40 dae was ons in staat om elke sent wat ons nodig gehad het, in te samel. Prys die Here!

Die operasie is op 23 Desember 2011 gedoen. Ongeveer in daardie tyd kon Beatriz alreeds met behulp van h paar kussings regop sit en kon sy ook in die rolstoel sit.

Op 27 Desember het ek vir Beatriz gaan groet voordat ek kerk toe is. Ek het haar hande vasgehou en vir haar gesê ek gaan kerk toe. Ek het gevoel hoe sy aan my hand trek. Ek het haar styf vasgehou en skielik het sy opgestaan. Ek was bang en het teruggetree. Terselfdertyd het sy nog

h tree vorentoe gegee en aanhou loop. God is getrou!

Soos die dae verbygegaan het, het Beatriz aangehou om haar vermoëns te herwin. Sy het begin praat en skryf. In Mei 2012 is sy terug skool toe.

Vandag, drie jaar later, is sy h lewende getuie van h bonatuurlike wonderwerk, h bewys dat God getrou is aan Sy Woord en ten gunste van diegene wat in Hom glo, handel. Die woord wat ek vir julle lewe en vir altyd het is: "ALLE DINGE IS MOONTLIK VIR DIE EEN WAT GLO" (Markus 9:23).

h Paar dae gelede was my vrou by h fisioterapeut en die dokter het Beatriz aan een van haar studente gewys en gesê: "Hierdie is h wonderwerk, want as dit nie vir God was nie, sou sy nie hier gewees het nie. Daar was niks wat die medici vir haar kon doen nie."

Die medici kon niks doen nie, maar GOD KAN! HY KAN IN JOU LEWE OOK WERK!

Pastoor Isaque Roberto

Hierdie getuie is met die hele kerk in Londrina gedeel en dit is h voorbeeld van die mag van God om ons geloof uit te daag. Kyk op YouTube na die getuie, in Portugees, wat ons by die kerk opgeneem het: <http://www.youtube.com/watch?v=YHqbBk0A4nA>.

Kuba

(Vertaal uit Spaans)

Groete uit Kuba

Die vrede van die Here is met julle elkeen. Dankie Here, vandag is ons geseën met nog twee pakkies.

Dra ons groete oor aan al die dienaars van God wat geseënd is om die Woord na die hele wêreld te neem deur hierdie bediening. My spesiale dank aan almal.

God seën julle

Dominee Marrero Havana, Kuba

DIE ENIGSTE UITWEG

(Vervolg vanaf bladsy 4)

like lewensstyl), om die dinge te doen wat Satan wil hê hulle moet doen. Sy bouse gees in hulle maak dat hulle ook daarvan hou (Romeine 1:28-32).

Laat dwase die konings wees en die wêreld met goud, perversie, politiek en ander dinge regeer, maar laat my hart 'n liefde bring wat nie oud kan word nie. Ontvang die saad van ewigdurende lewe. Begin deur hierdie gebed te sê:

My HERE en my GOD, wees my, sondaar, genadig.¹⁸ Ek glo dat JESUS CHRISTUS die SEUN van die lewende GOD is.¹⁹ Ek glo dat HY dood is aan die kruis en SY kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.²⁰ Ek glo dat GOD JESUS uit die dode opgewek het deur die krag van die HEILIGE GEES,²¹ en dat HY op hierdie oomblik aan die regterhand van GOD sit en luister na my belydenis van sonde en hierdie gebed.²² Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi U in my hart in, HERE JESUS.²³ Was al my vuil

sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek gestort het aan die kruis by Golgota.²⁴ U sal my nie wegwys nie, HERE JESUS; U sal my sondes vergeef en my siel red. Ek weet, want U WOORD, die Bybel, sê so.²⁵ U Woord sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet - dit sluit my in.²⁶ Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.²⁷ Ek dank U, HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.²⁸

Na redding, het JESUS gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die VADER en die SEUN en die HEILIGE GEES.²⁹ Bestudeer die King James Bybel deeglik en voer die opdragte uit.³⁰

Die HERE wil hê dat jy almal van jou redding vertel (Markus 16:15). Jy kan 'n verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat JESUS beveel, moet dan nie vir GOD beroof van SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê, "Sal 'n mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: 'Waarvan beroof ons U?' Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds 'n vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [n tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word], en toets MY hierin, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Toets MY of EK nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in 'n begeerlike land woon, so sê die HERE VAN DIE LEËRSKARE" (Maleagi 3:8-12).

18 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 19 Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 20 Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Op. 5:9 21 Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 22 Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 23 1 Kor. 3:16, Op. 3:20 24 Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Op. 1:5, 7:14 25 Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 26 Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 27 Heb. 11:6 28 Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Op. 7:14, 22:14 29 Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 30 Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Op. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078

24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362

www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christian Ministries Worldwide verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word 'n werker in die oes van siele deur 'n verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en oudioboodskappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief 'n kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal. As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg November 2014, 2015 Alle regte voorbehou Internasionale Pastoor Tony Alamo © Geregistreer November 2014, 2015

AFRIKAANS—VOLUME 20500—THE ONLY WAY OUT